**Ons moet die dade doen van Hom wat My gestuur het (OP225)**

**Joh 9:1-12**

**22 Junie 2025**

Laasweek het ons gekyk na die stelling van die Here Jesus in Joh 8:31-32: "As julle in My woord bly, is julle waarlik My dissipels, en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak." Ons het daarop gelet hier word drie eienskappe gegee van 'n ware dissipel: 'n Ware dissipel bly in die woord van die Here Jesus, hy ken die waarheid en hy sal deur die waarheid vrygemaak word. Die woord waarin die ware dissipel moet bly is die woorde wat die Here Jesus gepreek het wat van die Vader afgekom het. Die inhoud van hierdie woorde is die waarheid, en dit sluit in dat die Here Jesus geleer het dat ware dissipels nie die dood sal sien nie, omdat Hy hulle vrymaak van die skuld van hulle sonde en daarom sal hulle ewig lewe – ware dissipels moet dit glo. Hulle moet ook glo dat die Here Jesus deur die Vader gestuur is, en dat Hy "Ek Is" is, d.w.s. dat die Here Jesus nie net 'n mens is nie, maar alreeds van voor die begin af God is. So 'n geloof sal hulle vrymaak.

Vandag wil ek aanbeweeg na die eerste gedeelte in Joh 9. In hierdie gedeelte lees ons van die Here Jesus se genesing van 'n blindgebore man. Uit vers 8 blyk dit hierdie man was 'n bedelaar. In Joh 9:5 lees ons dat die Here Jesus vir Sy dissipels sê: "So lank as wat Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld". Dit sluit natuurlik aan by Joh 8:12 waar Hy ook al aangekondig het Hy is die lig vir die wêreld, en dat die wat Hom volg nie in die duisternis sal leef nie, maar die lig van die lewe sal hê. Die genesing van die blindgebore bedelaar in Joh 9 is 'n uitbreiding van hierdie lering van die Here Jesus, trouens ons sou kon sê die genesing van die blindgebore bedelaar is 'n uitbeelding van wat dit beteken dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is. Sedert sy geboorte het hierdie bedelaar in fisiese duisternis geleef, en toe kom die Here Jesus en maak hom gesond, en skielik is daar vir hom lig.

Kom ons dink oor die wêreld waarin ons leef. Ons leef verskeie eeue na die sogenaamde donker Middeleeue. Daardie donker periode in die wêreldgeskiedenis is opgevolg met die periode van die sogenaamde Verligting, in Engels "The Enlightenment". Hierdie periode is gekenmerk deur die mens wat vooruitgang gemaak het om die skepping beter te verstaan d.m.v. feitlik gebaseerde redenasies en ondersoeke. Die bestudering van die natuurwetenskappe het reuse vooruitgang teweeggebring. Daar word dikwels gepraat van die sogenaamde industriële revolusie wat plaasgevind het – daar word geredeneer dat ons tans in die 4de, of moontlik selfs 5de, siklus van industriele revolusie is. Hiermee saam het daar oor die algemeen groot verbetering gekom in die lewenstandaarde van baie mense. Dink maar net aan die verbetering in kommunikasie tegnologie wat ons beleef, of selfs die opkoms van sogenaamde kunsmatige intelligensie – reuse vooruitgang wat die mensdom maak.

En tog, t.s.v. hierdie reuse vooruitgang, worstel die mensdom steeds met dieselfde essensiële vrae as waarmee hulle 2000 jaar gelede geworstel het: Die mensdom worstel steeds met morele kwessies – trouens nuwe tegnologiese ontwikkelings het nog meer morele vrae na die oppervlak gebring, eerder as wat dit morele vrae geantwoord het. Die mensdom worstel steeds met vrae oor identiteit. Die mensdom worstel steeds met vrae oor waar ons vandaan kom. Selfs hierdie vraag het nou net nog moeiliker geword om te antwoord, want wetenskaplike argumente maak die debat nog moeiliker. Veral worstel die mens met die sin en die doel van die lewe: Al is ons sogenaamd verlig, al verstaan die mensdom soveel dinge soveel beter, help tegnologiese ontwikkeling nie veel om die sin en doel van die lewe te verstaan nie. Baie mense voel steeds leeg, hulle voel hulle lewe is doelloos. In 'n sekere sin kan ons sê die Enlightenment sedert die 17-18de eeue het nie veel verligting gebring nie. Die essensiële vrae is vandag steeds dieselfde as 2000 jaar gelede.

Die rede waarom die vraagstukke steeds dieselfde is, is omdat die hart van die natuurlike mens steeds dieselfde is as 2000 jaar gelede. Genadiglik is God se antwoord op hierdie vraagstukke ook steeds dieselfde. Dit is wat so verstommend is: die betekenis van die genesing van die blindgebore bedelaar 2000 jaar gelede is vandag net so relevant as 2000 jaar gelede.

Nie net sluit Joh 9 aan by Joh 8 wat die Here Jesus beskryf as die lig vir die wêreld nie, dit sluit ook aan by die proloog van Johannes se evangelie. Lees Joh 1:4-9. Hier word die Here Jesus ook beskryf as die lig. En die duisternis kon nie die lig uitdoof nie – selfs nie die donker van die Middeleeue nie. Selfs eeue na die begin van die Industriele Revolusie skyn die lig van die Here Jesus steeds. En, sê Joh 1:4, in Hom wat die Lig is, is daar lewe. Daarom kan Hy werklik antwoorde gee wanneer ons worstel oor die sin en doel van die lewe. Daarom kan Hy die duisternis verdryf as ons moedeloos, leeg, doelloos voel – soos wat Hy die duisternis van die blindgebore man verdryf het.

Ek maak weereens ruim gebruik van Mark Johnston se insig, en wil Joh 9:1-12 bespreek onder die volgende vier punte: (1) 'n Aangebore probleem (Joh 9:1-3), (2) 'n Dringende nood (Joh 9:4-5), (3) 'n Unieke oplossing (Joh 9:6-7), en (4) 'n Dramatiese verandering (Joh 9:8-12).

<u>'n Aangebore probleem (Joh 9:1-3)</u>

Die mediese wetenskap kan alreeds op 'n vroeë ouderdom moontlike probleme by 'n kind identifiseer. Trouens, in sekere gevalle is dit selfs vir die mediese wetenskap moontlik om ouers vooruit te kan waarsku dat hulle probleme kan verwag as hulle kinders sou verwek. Hierdie waarskuwing word gemaak op grond van die verstaan van genetiese effekte wat oorgedra kan word van ouers na hulle kinders. Ons praat van sulke probleme as aangebore afwykings – dit is teenwoordig al reeds van geboorte af.

Lees Joh 9:1-2. Hier was 'n man met 'n aangebore afwyking. Hy was van sy geboorte af blind. En die dissipels het ook gewonder oor die oorsprong van hierdie man se aangebore probleem. Maar let nou op die verskil tussen die manier waarop ons oor hierdie aangebore afwykings redeneer, en hoe die dissipels daaroor geredeneer het: As ons wat in die 21ste eeu leef gekonfronteer word met iemand wat blind gebore is, redeneer ons direk op 'n fisiese of biologiese manier – ons vra vrae soos die volgende: Is die afwyking toe te skryf aan genetiese faktore? Of het daar dalk tydens die swangerskap iets fout gegaan? Die dissipels vra egter ander vrae oor die aangebore afwyking van hierdie bedelaar: Hulle is nie soseer besorgd oor die fisiese oorsaak nie, hulle soek dieper na 'n geestelike oorsaak vir die aangebore afwyking. Hulle was oortuig die oorsaak vir sy afwyking is sonde. Al waaroor hulle nog gewonder het, is wie se sonde die oorsaak vir sy blindheid was: sy eie sonde (wat die man dan voor geboorte sou moes verrig het) of sy ouers se sonde?

Kom ons dink net vir 'n oomblik hieroor: Is alle fisiese afwykings die gevolg van sonde? In 'n sekere sin moet ons sê: Ja. Immers, as daar nie 'n sondeval was nie, sou daar nie fisiese lyding en siektes in die wêreld gewees het nie. Maar kan ons elke lyding en elke siekte en elke afwyking terug herlei na 'n spesifieke sonde? Daar is voorbeelde in die Bybel waar dit inderdaad die geval is: Dink aan Miriam wat Moses se gesag bevraagteken het, en die Here het haar gestraf met melaatsheid (Num 12). Of dink aan die man by die bad van Betesda na wie ons 'n paar weke gelede gekyk het. In Joh 5:14 het die Here Jesus vir hom gesê: "Kyk, jy is nou gesond; moenie langer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie." Hieruit blyk dit dat die man se verlamming juis die gevolg was van sonde, en dat as hy nie daarmee breek nie, kon hy nog erger lyding verwag. Of dink aan 1 Kor 11:30 waar Paulus aan die gemeente skryf en sê daar is swakkes en siekes in hulle midde en sommiges het alreeds gesterf a.g.v. hulle ongepaste deelname aan die nagmaal. Hierdie voorbeelde wys dat 'n spesifieke sonde 'n spesifieke lyding af afwyking tot gevolg gehad het in hierdie mense se lewens.

Maar ons moet versigtig wees om dit ‘n algemene beginsel te maak. Dink aan Job se lyding – dit was die gevolg van ‘n gesprek tussen die duiwel en die Here, en nie die gevolg van Job se sonde nie, trouens dit was eerder Job se getrouheid wat vir die duiwel ‘n uitdaging was. Of dink aan Paulus wat in 2 Kor 12:7 sê dat hy ‘n doring in die vlees ontvang het om te voorkom dat hy opgeblase en hoogmoedig word. In Gal 4:13 skryf Paulus aan die Galasiërs dat hy juis die evangelie aan hulle verkondig het a.g.v. die feit dat hy siek was. In hierdie gevalle was die lyding nie die gevolg van ‘n spesifieke sonde nie, trouens dit was ‘n situasie wat die Here konstruktief gebruik het in die bevordering van Sy koninkryk.

Lees Joh 9:3. Uit die Here Jesus se antwoord is dit duidelik dat die aangebore blindheid van die bedelaar eerder in die tweede groep val wat ons sopas bespreek het. Dit was nie die gevolg van ‘n spesifieke sonde van die bedelaar of van sy ouers nie. Nee, die man is blind gebore sodat die dade van God in hom geopenbaar kan word. Dit gaan dus oor ‘n groter saak. Ja, dit gaan steeds oor die gevolg van sonde – maar dit gaan nie oor ‘n spesifieke sonde nie. Dit gaan oor die gevolg van sonde in die wêreld. Die gevolg van sonde is dat die wêreld donker is – die wêreld verstaan nie die sin en doel van die lewe nie. En die dade wat God deur hierdie blindgebore bedelaar wil uitbeeld, is hoe Hy lig in so ‘n donker wêreld bring. Soos wat Hy deur die Here Jesus fisiese lig in die bedelaar se donker wêreld bring, so wil Hy ons leer hoe Hy ook geestelike lig in die donker wêreld bring – ‘n wêreld wat donker is a.g.v. die sonde, ‘n wêreld wat donker is omdat die mensdom hulle rug op God gekeer het, en dus nie die doel waarvoor hulle geskep is, kan vervul nie.

<u>‘n Dringende nood (Joh 9:4-5)</u>

Lees Joh 9:4-5. Ons het nou gesien daar is donker in die wêreld. Ons het ook al gesien dat die Here Jesus die lig is vir die donker wêreld (v5). Uit vers 4 blyk dit egter nou dat daar dade is wat gedoen moet word – natuurlik moet die dade tot gevolg hê dat die lig, wat die Here Jesus is, die donker moet verdryf. Watter dade is dit? Wel, dit moet tog verband hou met die dade van God waarvan vers 3 gepraat het. Ons weet dat die daad van God wat die Here Jesus in die blindgebore man sou doen, is om hom te laat sien. En, soos ons nou al bespreek het, is hierdie fisiese wegneem van die donker in die bedelaar se lewe, ‘n uitbeelding van die wegneem van die geestelike donker in die wêreld. Dit is dié daad waarvoor die Vader die Here Jesus na die wêreld gestuur het.

Uit verse 4-5 is daar egter nou twee belangrike sake wat na vore kom rakende hierdie dade wat verrig moet word:

- Die eerste saak is: Die dade moet met dringendheid gedoen word. Die Here Jesus sê hierdie dade moet gedoen word terwyl dit nog dag is. Die realiteit is egter dat die nag kom – die dag gaan dus verby. In die nag kan niemand werk nie – want dit is donker, jy kan nie sien om te werk nie. Die Here Jesus sê solank Hy in die wêreld is, is Hy die lig vir die wêreld. Ons kan dus aflei dat die nag wat kom, verwys na die Here Jesus se vertrek uit hierdie wêreld, m.a.w. Sy hemelvaart. Daar is dringendheid om aan die wêreld bekend te maak dat die Here Jesus die lig is vir die donker wêreld, voordat Hy vertrek. Beteken dit dat die Here Jesus nie meer die lig vir die wêreld is na Sy hemelvaart nie? Natuurlik nie, immers sou Hy op Pinkster Sy Heilige Gees stuur om deurlopend van Hom te getuig, om deur die loop van die donker Middeleeue, deur die loop van die industriële revolusie, tot vandag toe en tot aan die einde van die tyd te getuig die Here Jesus is die lig vir die wêreld. Maar daar was ‘n dringendheid dat die periode tot met Sy verhoging, terwyl Hy fisies teenwoordig was hier op aarde, gebruik moes word om te verduidelik wat dit beteken dat Hy die lig vir die wêreld is, en om te verduidelik hoe mense deel kan kry aan hierdie lig. Kan ek dit maar so uitdruk: die konsep moes goed gesnap

word voor die Here Jesus se vertrek, sodat dit deur die loop van die eeue heen klinkklaar verduidelik kan word aan mense wat in die donker is.

- Die tweede saak is in vers 4, waar ons lees: "Ons moet die dade doen van Hom wat My gestuur het..." Die punt om raak te sien is dat die Here Jesus Sy dissipels betrek by die dade wat gedoen moet word – "Ons moet die dade doen...". (Terloops: As jy die OAV lees, sal jy sien daar staan "Ek moet die werke doen...". Die NAV, DAV, NIV en die ESV sê egter almal "Ons", en dit is ook hoe die betroubaarste manuskripte dit gebruik. Ek aanvaar dus dat dit eerder "Ons" moet wees, nie "Ek nie") Ja, dit is so, die Here Jesus, en net Hy, is die lig vir die wêreld. Net Hy kan die donker verdryf. Maar Sy dissipels het 'n rol om te speel. Soos Paulus in 1 Kor 3:9 skryf: hulle is Sy medewerkers. Hulle het 'n rol om te vervul sodat die boodskap dat die Here Jesus die lig is, met dringendheid verkondig moet word voordat die nag kom en die Here Jesus uit die wêreld weggaan. So lees ons in Mat 10 dat die Here Jesus die 12 dissipels uitgestuur het om die koninkryk van die hemele te verkondig. Netso lees ons in Luk 10 van die 72 wat uitgestuur is om die koninkryk te verkondig.

Die punt is: Daar was 2000 jaar gelede al 'n dringendheid om aan die donker wêreld bekend te maak dat die Here Jesus die lig is vir die wêreld. Daar was toe 'n dringendheid om die konsep te verkondig voor die Here Jesus se lyding en verhoging. Die dissipels het deelgeneem aan die verkondiging van hierdie konsep. Sedertdien het die Here Jesus uit die wêreld weggegaan. Maar Hy het ook Sy Heilige Gees gestuur, en weer Sy dissipels uitgestuur om hierdie konsep o.l.v. die Heilige Gees steeds in die donker wêreld te verkondig. Steeds is daar dringendheid, want die nag kom – hierdie keer is die komende nag die wederkoms van die Here Jesus wanneer die geleentheid om uit die donker na die lig te kom, verby sal wees.

'n Unieke oplossing (Joh 9:6-7)

So die wêreld is 'n donker plek. Vir die natuurlike mens is dit onduidelik wat die sin en doel van die lewe is. Deur die loop van die eeue het die mens al baie pogings aangewend om sin te maak uit die lewe. Allerlei oplossings word aangebied oor hoe om jou lewe sinvol te maak en om jouself te verwesenlik. Die harde realiteit is egter dat baie van hierdie oplossings goedkoop oplossings is wat nie die wortel van die saak aanspreek nie. En boonop is baie van die oplossings gevaarlike oplossings wat eerder die mens sterk in sy sonde van eiewaan en eie geregtigheid.

Kom ons kyk eerder na die oplossing wat die Here Jesus, as die enigste lig vir die wêreld, vir hierdie blind gebore bedelaar voorgestel het. Uit die manier waarop hy bevry is van sy aangebore afwyking, sy blindheid, kan ons leer hoe ons ook bevry kan word van ons aangebore probleem – dit is ons sondeskuld en geneigdheid tot sonde.

Lees Joh 9:6. Ons lees dat die Here Jesus speeksel en grond gemeng het, en dit toe aan die man se oë gesmeer het. Soos wat ons kan verwag, is daar al baie gespekuleer oor die betekenis van hierdie handeling van die Here Jesus. Ek verwys maar net na twee verduidelikings wat al hiervoor gegee is: Een verduideliking gryp terug na Gen 2:7 waar ons leer dat die Here die mens destyds uit stof van die aarde gemaak het. Nou gebruik die Here Jesus juis weer stof om die man se oë te genees, wat dan sou wys dat hierdie 'n nuwe skeppingshandeling, of 'n herskeppingshandeling, deur die Here Jesus sou wees wat die effek van die sonde ongedaan maak. Calvyn het 'n ander verduideliking voorgestel: Hy het geredeneer dat die smeer van die modder op die man se oë sy blindheid as't ware vererger het, om sodoende die wonder van sy genesing nog verder te beklemtoon. Ek persoonlik is nie seker ons verstaan werklik die betekenis van hierdie handeling nie. Ek stem egter saam met die meeste kommentatore wat redeneer dat hierdie handeling nie die hooffokus is nie.

Lees Joh 9:7. Die hooffokus lê in die opdrag wat die Here Jesus aan die blindgebore bedelaar gee: Hy moes hom gaan was in die bad van Siloam, m.a.w. hy moes die modder wat die Here Jesus aan sy oë gesmeer het, gaan afwas in die bad van Siloam. Dit is ‘n vreemde opdrag: ‘n Blindgebore man met modder gesmeer aan sy oë moet hom gaan was in die bad van Siloam. En die wonder is: hy het toe gegaan, hy het hom gaan was, en toe hy terugkom, kon hy sien. Direk is ons weer geneig om op ‘n fisiese vlak te redeneer: Was daar iets spesiaals in die Here Jesus se speeksel, of dalk in die modder, of dalk in die water van die bad van Siloam wat die genesing kon bewerk? As dit is hoe ons wil redeneer, mis ons weereens die punt.

Johannes help ons om te verstaan hoe ons hierdie gebeure moet interpreteer: Hy sê spesifiek “Siloam” beteken “Gestuurde”. As die Here Jesus dus sê: “Gaan was jou in die bad van Siloam” beteken dit dus “Gaan was jou in die Gestuurde.” En wie is die “Gestuurde”? In vers 4 het die Here Jesus aan Sy dissipels gesê “Ons moet die dade gaan doen van Hom wat My gestuur het”. Baie duidelik is die “Gestuurde” die Here Jesus self – Hy is deur Sy Vader gestuur. Die blindgebore bedelaar moet hom gaan was in die Here Jesus. En dit was toe die blindgebore man dit gaan doen het, dat die fisiese donker uit sy lewe verdwyn, dat hy kan sien – want, sien, die Here Jesus is die lig. Dit is juis wanneer ‘n blindgebore bedelaar hom was in die Gestuurde, dat hy kan sien. Dit is juis wanneer ‘n in-sonde-gebore skuldige sondaar hom in die Here Jesus se bloed was, dat die donker uit sy lewe verdwyn, dat hy kan sien wat die doel van die lewe is – want die Here Jesus is die lig wat hom laat sien.

Kan ek twee opmerkings maak:

- Vir die moderne mens wat reken hy is so intelligent siende dat hy soveel tegnologiese hoogtes bereik het, klink dit na so ‘n vreemde opdrag: Was jou in die bloed van die Gestuurde, dan sal jy werklik bevrediging vind en werklik die doel van die lewe verstaan. En tog was dit die antwoord 2000 jaar gelede vir ‘n blindgebore bedelaar, en dit is steeds die antwoord ook vir die tegnokrate van die 21ste eeu. Die Here Jesus is die lig vir die wêreld.
- Let ook daarop: Hierdie blindgebore bedelaar moes gehoorsaam hom gaan bad in Siloam. Dit was ‘n bewuste daad wat hy moes uitvoer. Netso moet elkeen homself bad in die bloed van die Here Jesus, elkeen moet bewustelik ‘n besluit neem, om die Here Jesus te volg – eers dan is Jesus die lig in sy lewe. Ja, dit is so dat die Heilige Gees dit in so ‘n persoon werk, maar die persoon is bewus daarvan dat hy sy vertroue in die Here Jesus plaas.

<u>‘n Dramatiese verandering (Joh 9:8-12)</u>

Lees Joh 9:8-9. Hierdie man was ‘n blindgebore bedelaar. En nou skielik kan hy sien. Dit is ‘n dramatiese verandering in sy lewe. En dit is direk sigbaar vir sy bure en die mense wat hom voorheen gesien bedel het. Hulle kon dit eenvoudig nie miskyk nie. En die verandering is so dramaties dat hulle dit eenvoudig nie kan glo nie. Miskien misgis hulle hulle? Miskien verwar hulle hom met iemand anders? Maar dan help die man hulle reg: Dit is voorwaar hy – die blinde bedelaar kan nou sien!

Verstaan jy die belangrikheid van wat hier uitgebeeld word? As iemand werklik in die Gestuurde gewas is, verander hy dramaties – die verandering is so groot dat iemand wat die persoon voor die tyd geken het eenvoudig nie die verandering kan miskyk nie. Dit is haas onmoontlik om te glo dit is dieselfde persoon. Mark Johnston verwys na John Newton wat voor sy bekering ‘n seekaptein in slawehandel was, maar na sy bekering word hy onder andere die digter van die bekende lied Amazing Grace:

I once was lost, but now am found,

Was blind, but now I see.

Geliefdes, die vraag aan elkeen van ons wat oortuig is ons is gelowiges, is: Is dit sigbaar vir die mense rondom jou? Sit jou lewe hulle aan die dink en die wonder? Lees vers 10. Vra die mense rondom jou ooit hoekom jy nie vasgevang is in die donker sinloosheid van 'n bestaan sonder God nie? Of lyk jou lewe maar net soos die lewe van die mense wat steeds in die donker is?

Lees Joh 9:11-12.Toe die mense vir die bedelaar vra hoe dit gebeur het dat hy skielik kan sien, kan hy maar net antwoord deur vir hulle die feite van die gebeure te vertel: "Die Man, wat Jesus genoem word, het modder gemaak en dit aan my oë gesmeer, en vir my gesê: 'Gaan na Siloam en was jou.' Ek het toe gegaan en my gewas, en ek het begin sien." Die man het baie dinge nie verstaan nie: Hy het nie verstaan hoekom hy deur die Here Jesus gekies is nie, hy het nie verstaan wat die rol van die modder was nie, hy het nie verstaan wat die doel van die water in die bad van Siloam was nie. Maar daar is 'n paar dinge wat die bedelaar wel verstaan het: Hy het geweet hy was blind, en hy het geweet nou kan hy sien. En hy weet dit was die Man Jesus wat dit bewerk het – Hy is die Lig vir die wêreld.

Dit moet ook waar wees van elke gelowige: Met sy bekering, kan daar nog baie dinge wees wat 'n jong gelowige nog nie werklik verstaan nie: Miskien verstaan nie hy nog nie op daardie stadium dat sy bekering die gevolg is van God se uitverkiesing nie, miskien verstaan hy selfs nog nie eens mooi wat regverdigmaking en heiligmaking is nie, maar daar is 'n paar dinge wat hy moet verstaan: Hy moet verstaan hy was vasgevang in 'n lewe van sonde wat alles donker gemaak het, hy moet verstaan hy is nou bevry daarvan en daar is sin en hoop in sy lewe, en veral moet hy verstaan die een wat dit bewerk het is die Man Jesus, wat ook die Seun van God is, wat ook die lig vir die wêreld is.

Hierdie bedelaar was so oortuig dat dit die Here Jesus was wat hom laat sien het, dat die mense hom gevra het waar die Here Jesus is. Het dit al met jou gebeur? Was jy al so oortuig en uitgesproke daaroor dat die Here Jesus die Een is wat sin en betekenis in jou lewe gebring het dat mense vir jou vra: "Waar is Hy nou? Hoe kan ons ook deel kry aan die lig?"

<u>Afsluiting</u>

Die wêreld is steeds 'n donker plek. Die mens worstel steeds om sin te maak uit die lewe. Die probleem is dat alle mense niks anders is as blindgebore bedelaars nie. Nie net kan hulle nie die lig sien nie, hulle kan ook niks doen om self lig te maak nie. Daar is net Een wat lig kan bring in die donker wêreld – maak nie saak of dit die wêreld van 2000 jaar gelede is, of die wêreld van die 21 ste eeu nie. Al redeneer die mens van die 21ste eeu dat dit oudmodies is om in God te glo, is die feit van die saak dat die Here Jesus eenvoudig steeds die enigste lig is. Maar om in Sy lig te wees, moet jy gewas word in die bad van Siloam – jy moet gewas word in Sy bloed – al klink dit vir jou na so 'n vreemde en onlogiese opdrag. Die punt is: Jy kan nie oordeel of dit 'n onlogiese opdrag is nie – want jy is blind. Dit is eers as jy erken jy is blind, as jy erken dat jy behoefte het om te sien, as jy bereid is om Hom te vertrou wanneer aan jou verduidelik word Hy is die lig vir die wêreld, as jy jou in Hom was, dat jy die lig sal sien. En as jy eers die lig gesien het, verander jou lewe dramaties: nie net is dit vir jouself sigbaar nie – nee, almal rondom jou sal dit ook sien. Hulle sal selfs vra hoe dit gebeur het. Al kan jy nie alles verduidelik nie, is jy egter oortuig dat jou lewe verander het, en jy is ook oortuig dit is die resultaat van die werk van die Here Jesus.

En dan begin jy om Sy medewerker te wees, en jy begin om die dade van God te doen, dit is om ander ook te leer dat die Here Jesus die lig is. En jy doen dit met dringendheid – solank dit nog dag is – sodat ander ook kan deel in Sy lig, sodat Hy en die Vader al meer geëer word.